

Lêerno.: 21/2/5/2/E³NOTICE
Verwysing: 20230418-3513

Kurrikulum AOO-minuut: 0007/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, AOO-koördineerders, Vakadviseurs vir die Senior Fase en Prinsipale van alle gewone openbare en onafhanklike skole

Onderwerp: Kennisgewing oor die implementering van die Program vir Entrepreneurskap, Indiensneembaarheid en Onderwys (E³) in die graad 7-projek vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in Kwartaal 3

1. Die DBO-E³-program is die prestigemodel van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) en word beskou as die sleutel om die teiken van die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTSR) 2020 tot 2024 te bereik. Die teiken van die MTSR vir 2020 tot 2024 bepaal dat alle skole teen 2024 entrepreneurskapsonderrig sal implementeer. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) het onderneem om hierdie nasionale program in graad 7 by alle skole in die Wes-Kaap te implementeer.
2. Die doel van die DBO-E³-program is om 'n vindingryke, aktiwiteitsgebaseerde leerbenadering aan die hand van 'n projekgebaseerde leermetodologie te implementeer om leerders vir 'n veranderende wêreld voor te berei.
3. Die program sal in Kwartaal 3 in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) geïmplementeer word. Dit is deel van die Kurrikulumassesseringsbeleidsverklaring (KABV) en die projek sal as die assesseringsstaak vir Kwartaal 3 dien.
4. Opleiding van graad 7-onderwysers wat EBW onderrig, sal aanlyn gedoen word. Die datums en tye, asook die skakels wat toegang tot die opleiding verleen, word in die tabel hieronder aangedui:

Datum	Skakel vir bywoning
Vrydag, 05 Mei 2023, 15:30 tot 17:00	Economic Management Sciences EMS Cohort 2 (05 May 2023)
Vrydag, 12 Mei 2023, 15:30 tot 17:00	Economic Management Sciences EMS Cohort 2 (12 May 2023)
Vrydag, 19 Mei 2023, 15:30 tot 17:00	Economic Management Sciences EMS Cohort 2 (19 May 2023)
Vrydag, 26 Mei 2023, 15:30 tot 17:00	Economic Management Sciences EMS Cohort 2 (26 May 2023)

5. Die sessies sal in Engels aangebied word.
6. Toegang tot die EBW-projek vir graad 7 (projeknotas en hulpbronne vir onderwysers, asook werkboeke vir leerders) kan verkry word deur die volgende skakel te gebruik: [Grade 7 EMS project Term 3.](#)
7. Die WKOD is in 'n vennootskap met die Rotariërklub om mentorskap te verskaf aan onderwysers tydens die implementering van die graad 7-projek. Mentors van die Rotariërklub sal daarvoor verantwoordelik wees om onderwysers wat mentorskap verlang, te ondersteun om meer bewustelike en konsekwente goeie besluite te neem, beste praktyke in plek te stel en take doeltreffend en doelmatig te verrig en sodoende sukses te behaal. Indien jy wil aansoek doen vir mentorskap deur 'n mentor van die Rotariërklub, voltooi die vorm voor of op **Vrydag, 19 Mei 2023** deur op die volgende skakel te klik: <https://forms.gle/3WZL5LcvQyvtXfTK7>.
Let wel: Aangesien daar slegs 'n beperkte aantal mentors beskikbaar is, sal nie almal wat vir die dienste van 'n mentor aansoek doen outomaties een ontvang nie.
8. Indien u enige verdere inligting verlang, kontak gerus die provinsiale koördineerder, dr. Antoinette Venter, by Antoinette.venter@westerncape.gov.za of 021 467 2501.
9. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle EBW-onderwysers vir graad 7 te bring.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2023-04-24